Geliefde Lourensrivierder

Die Nuwe Jaar bring mos gewoonlik nuwe voornemens en hoop dat dinge beter sal wees as die vorige jaar.....

So hoor ek toe ‘n baie inspirerende praatjie op Radio Tygerberg hieroor en deel graag vandag net een enkele aanhaling hieroor wat my verseker laat dink het.....

NUUSKRUMMELS: 17 Januarie 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

GEBEDSKURSUS:

Ons Gebedskursus is gratis en word elke Donderdagoggend @ 09h00 aangebied. **Dit begin weer op 7 Februarie (nie 2de nie).**
Kom woon dit asb by, jy sal nie spyt wees nie.

Kom reis saam om God te ontmoet, deur Hom verander te word en jou roeping te ontdek.
Kom leer ook hoe om die Bybel effektief te gebruik om met God te kommunikeer en Sy stem te hoor vanuit Sy lewende Woord.

Navrae of registrasie vir kursus: kontak Kerkkantoor @ 021 853 5991

BEGIN DIE JAAR DEUR ‘N VERSKIL TE MAAK....

Ons vier Krynauw se 15de verjaardag Saterdag 19-01-19 (3de jaar in die hemel). Die natuur was sy passie.
Ons wil hom graag laat voortleef deur weer die Lourensrivier skoon te maak.

Ons ontmoet Sat 8h00 by die groot Bloekomboom by die rivier, Karl Kielblokstr.

Versprei asb, sodat ons soveel as moontlik mense kan bereik.


7 Maart 2016
My gedig oor die natuur

Opstnf

Kyk hoe vail is die see,
ek wens ek kon dit vee
Kyk hoe lê die rommel,
die mense wil dit net frommel.
Dit maak my moeg om dit te sien.

Kyk hoe lê die blik;
die vis gaan dit mos inslak.
Nou moet ons dit begin optel,
ek wil sommer die polisie bel.
Die mense is gek,
kom ons sluit hulle toe agter 'n hek.
Halle almal gaan uitsterf,
dan is daar niks om te erf.

Kyk hoe vuil is die see van die olie,
dit was 'n nare storie!
Kyk hoe lê die papiere,
Jy gaan die aarde laat verstik,
met 'n woeste ruk en Nuk.
Hou die aarde skoon dan sal ons jou beloon.

117 woorde

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

ARBEIDSBEDIENING SE VRUGTEMARK 27-01-2019

Die vrugteverkoping, koffiekroeg ens. ens. van ARBEIDSBEDIENING vind vanjaar by Strand NG Kerk (Moedergemeente) op Vrydag 27 Januarie om 8:30 plaas en is die hoofbron van ons inkomste om die Woordverkondiging in die besigheid-areas van die Helderberg omgewing te bedryf.
Die terugvoer uit die voorsieningsgebiede is dat die gehalte vrugte en groente vanjaar baie beter is as verlede jaar. U ondersteuning van 'n Christelike organisasie is vir ons van groot belang. Kom asseblief!!
Jan van den Berg (ARBEIDSBEDIENING HELDERBERG AREA)
021-853-1631 of 076-134-7780, Milnerstr 6A, Strand

BERG-EN –SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Byeenkoms: Donderdag 7 Februarie 2019 @ 09:30
Plek: Moedergemeente Somerset Wes, Andries Pretoriusstraat, SW
Onderwerp: Die Spiritualiteit van Humor: medisyne vir suurknolle, verbitterdes en verstokte mense
Die sopraan, Louise Senekal tree tydens die byeenkoms op
Koste: R15 besoekers, R10 lede. Almal hartlik welkom!

NUUSBROKKIES UIT DIE OMGEWING

BUURTWAG NUUS:
Januarie Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.
Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word:
https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die "oë en ore van die Buurt". 'n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak 'n verskil!

6. COMMUNITY

PINK BIB PARKING ASSISTANT PROJECT

As we are all aware, the car guards in Beach Road are a huge problem. Anyone that wants to make a quick buck, is a car guard, and they use whatever jacket they can find to identify themselves (green or orange and usually very dirty)Some of these individuals are hardened criminals that have just come out of jail, and they are normally the ones that commit the car break-ins from time to time. They have a tendency to swear or try intimidating the public if they are not given money. They are often drunk, or high on drugs, as the money they get from the public is normally used for drugs or alcohol. However, there are some of these car guards that are just trying to earn some money to feed their families.
With this in mind, we have identified these individuals that are trying to earn an honest income and are giving them a chance to improve their situation. With the assistance of the COCT Social Development department and SNW, they are trained and given life skills at weekly training sessions. They are easily identified by their Pink Bibs and they all have photo ID. The ultimate goal here is to have a number of these parking assistants in Beach Road that have manners, are neat and reliable. Then, with the help of Law Enforcement the other self-appointed opportunists can be removed from the area. Since the beginning of December we have given out 21 pink bibs, of which we have already taken away 7 due various reasons. These people need your support and encouragement and we ask that you support them in Beach Road!

KNIEWERK

- Natasha Latsky gaan vir operasie op 18/01/19
- Willem Botes herstel na knievervanging
- Johan Strydom – kanker
- Yvonne Blom herstel na operasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 20 JANUARIE SE BOODSKAP: 1 KOR 12:1-11 (2DE WEEK NA EPIFANIE – LEOPOLD)

Die gawes van die Gees is vir elke gelowige beskore (12:7, 18). Soos in 12:4-6, lê Paulus in 12:11 weer eens klem daarop dat die veelheid en diversiteit van gawes nietemin van een en dieselfde Gees afkomstig is; en dat die Gees besluit oor die beskikbaarstelling van die gawes. Dit is duidelik dat die geestelike gawes verantwoordelik gebruik moet word in die gemeente en gemeenskap. Dit is bedoel tot opbou van die gemeente en as getuienis teenoor die wêreld. Aangesien die gawes van die Gees kom, kan die gawes nie gebruik word om af te breek wat die Gees opbou nie. Vir Paulus moet die klem eerder op die eenheid onder gelowiges. Gawes is daar om ons geloof te versterk en om ander se geloof te versterk. Dit gaan alles oor God se eer.

"Wat is die verskil tussen 'n talent en 'n geestelike gawe?"

Daar is ooreenkomste en verskille tussen talente en geestelikee gawes. Beide is gawes wat van God ontvang word. Beide groei in effektiwiteit, algaande dit gebruik word. Beide is veronderstel om ten bate van ander mense gebruik te word en nie om selfsugtige redes nie. 1 Kor 12:7 sê dat geestelike gawes gegee word om ander te bevoordeel, nie onsself nie. Soos die twee groot gebooie verwys na liefde vir God en ons naaste, so moet ons ook ons talente vir daardie doeleindes aanwend. Aan wie en wanneer talente en geestelike gawes gegee word, verskil egter. Iemand (ongeag of hy in God of in Christus glo) ontvang 'n natuurlike talent, as gevolg van 'n kombinasie van genetika (sommige is musikaal, kunstig of wiskundig aangelê) en omgewing (groei op in 'n musikale familie en ontwikkel 'n talent vir musiek) of omdat God sekere individue met sekere talente toerus, bv. Besaleël in Ex 31:1-6).

Geestelike gawes word aan alle gelowiges deur die Heilige Gees (Rom 12:3,6) gegee, sodra hulle tot geloof in Christus kom en die vergifnis van hul sonde aanvaar. Op daardie oomblik gee die Heilige Gees aan die nuwe gelowige die geestelike gawe(s) wat Hy vir daardie person in gedagte het (1 Kor 12:11).

Bron: /www.gotquestions.org/Afrikaans/verskil-talent-geestelike-gawe.html

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE